# Vestiging van Suid-Afrika in 1652

door

F. J. du T. Spies

Rondom die vestiging van 'n Europese volk in Suid-Afrika in die jaar 1652 ontstaan daar sekere gesigspunte of vrae van 'n historiografies-teoretiese aard waarvoor ek hier kortliks die aandag vra.

Tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywers word soms die verwyt gerig dat hulle die geskiedenis van Suid-Afrika slegs vanuit die gesigshoek van die Blanke behandel en ook hoofsaaklik die lotgevalle van die Blanke beskrywe, terwyl die Nie-blanke slegs bygebring word in sover hy die lotgevalle van die Blanke beïnvloed het. Hierdie verwyt geld dan ook ten opsigte van ons kyk op die vestigingsjaar 1652.

Vir die blanke bevolking van Suid-Afrika, en meer in besonder vir die Afrikaners, is die jaar 1652 van besonder belang. Dit hou immers verband met ons ontstaan as volk. Vir ons is dit die beginpunt. Maar daar moet in ag geneem word dat dit nie vir alle bevolkingsgroepe van Suid-Afrika van ewe groot belang is nie en dat dit nie deur almal met ewe veel piëteit bejeen sal word nie. Namate nie-blanke geskiedskrywing in ons land ontwikkel, kan verwag word dat die vestigingsdaad van 1652 vanuit daardie standpunt en waarskynlik met minder piëteit behandel sal word.

Vir die nie-blanke geskiedskrywer, moontlik ook vir die meeste wat buite Suid-Afrika woon, sal 6 April 1652 dus minder as 'n beginpunt geld en meer as een insident in 'n lang reeks gebeurtenisse, dus meer as 'n voortsetting. Maar dan ontstaan die vraag: as 'n voortsetting van wat? Dit kan wees as 'n voortsetting van die Europese, meer in besonder van die Nederlandse geskiedenis, sy dit dan in koloniale verband, of as 'n voortsetting van die geskiedenis van Suid-Afrika of van Afrika as sodanig. Met ander woorde, ons kan hierdie insident in die geskiedenis stel teen die onrustige agtergrond van die 17e eeuse Europa met sy ekspansieywer, sy merkantilistiese naywer en oorloë, of teen die miskien rustiger, hoeweel vaag en onduidelike, agtergrond van Afrika.

Dit hou verband met 'n verdere verwyt teenoor ons geskiedskrywing, naamlik dat die geskiedenis van Suid-Afrika te veel in isolasie behandel word, en dat gevolglik ook die lotgevalle van Jan van Riebeeck in die jaar 1652 daar aan die voet van Tafelberg geïsoleerd beskryf word sonder om die voorafgaande gebeurtenisse

en die gebeurtenisse buite Suid-Afrika wat daarmee verband hou, hulle regmatige plek te gee. Wat hierdie verwyt betref, is dit wel waar dat daar rondom die herdenkingsjaar 1952 'n neiging was om ons geskiedenis in terme van 'n tydspan van drie eeue te sien. Maar daarteenoor kan gewys word op die ywerige pogings van George McCall Theal [1], ons eerste historikus van formaat, om ook die geskiedenis van vóór 1652 uit Portugese en ander bronne op te diep. Van later datum is daar die werk „Vyf honderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis" (red. C. F. J. Muller) [2] waarvan die titel reeds aandui dat hierin terug gegryp word na die vyftiende eeu om die begin van ons geskiedenis te vind. Daarby kan ook gestel word Monica Wilson se „Thousand years before Van Riebeeck" [3] wat dus bewus die vroeë lotgevalle van die Afrika-volkere deel van ons geskiedenis probeer maak. Oor die vraagstuk in hoever vae etnografiese gegewens as bronne vir die geskiedenis kan geld, waarop die navorser in die laaste geval dan moet terugval, word hier niet uitgewy nie. Origens kan nog gewys word op P. Geyl se „Geskiedenis van die Nederlandse Stam" [4] en Stapel se „Geschiedenis van Nederlandsch Indië" [5] as pogings om die geskiedenis van die Kaap binne die Europese verband te plaas.

'n Volgende vraag wat met die vestiging van Suid-Afrika na vore kom, hou verband met die begrip toeval in die geskiedenis. Weer laat ek in die midde die teoretiese vraag of daar wel so iets as toeval in die geskiedenis bestaan en stel eenvoudig net die moontlikheid dat 'n mate van toeval wel 'n rol gespeel het in die feit dat die Kaap deur 'n Nederlandse handelsmaatskappy beset is en nie deur 'n ander moondheid nie. Vir anderhalf eeu vóór 1652 was daar 'n druk skeepsverkeer om die Kaap en 'n mens verbaas jou dat iemand nie reeds in dié periode die nut van 'n halfwegpos aldaar ingesien het nie.

Na die ontdekking van die Kaap in 1488 deur Diaz en die eerste omseiling daarvan onderweg na Indië deur Da Gama in 1497, is dit vir byna 'n eeu nog hoofsaaklik Portugese skepe wat om die suidpunt van Afrika seil. Ewewel vestig die Portugese hulle nie daar nie maar wel in Wes- en Oos-Africa. Miskien was die dood van die Portugese onderkoning Francisco d'Almeida in 1510 op die strand van Tafelbaai in 'n skermutseling met die Hottentotte een van die redes waarom die Partugese die Kaap vermy het.

1. G. McCall Theal, *Records of South Eastern Africa,* 9 dele, Kaapstad, 1898-1903.
2. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1968.
3. Monica Wilson en L. M. Thompson, *The Oxford History of South Africa,* 1969 – eerste hoofdstuk.
4. P. Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandse Stam,* Amsterdam, 1934.
5. F. W. Stapel (red.): *Geschiedenis van Nederlandsch Indië,* deel II, Amsterdam, 1938.

Met die verskyning van ander nasies op die seeroete word Tafelbaai 'n aanlegplek wat vry druk besoek is. Uit die jaar 1580 dateer die eerste berig van die verskyning van 'n Engelse skip aldaar. Dit is die van Sir Francis Drake wat tydens sy befaamde omseiling van die wêreld die Kaap beskryf het as „the fairest Cape" wat hy op sy hele reis gesien het [6]. Uit die jaar 1595 dateer die eerste besoek van 'n Nederlands skip aan die Kaap, en wel die van Cornelis de Houtman [7]. Behalwe vir 'n kleiner aantal Franse en Deense en ook wel Portugese skepe, is dit gedurende die eerste helfte van die 17e eeu veral Nederlandse en Engelse skepe wat in Tafelbaai anker gegooi het en dit lyk asof slegs die toeval bepaal het dat die Nederlanders hulle aan die Kaap gevestig het en nie die Engelse nie. Trouens reeds in 1620 het die twee Engelse skeepskapteins Shilling en Fitzherbert die Kaap in naam van Engeland geannekseer. Dit is egter nie deur die Engelse regering erken nie [8].

Natuurlik bestaan daar wel redes waarom dit vir Nederland meer as vir enige ander moondheid nodig was om 'n verversingspos of halfwegstasie aan die Kaap te stig. Tog is 'n mate van toeval in ons ontstaansgeskiedenis seker niet uitgesluit nie. So kon selfs die toeval van 'n skipbreuk, die van die *Haarlem* in 1647, ook bygedra het tot die uiteindelike besluit.

Vir die werklike geskiedenis van die vestiging in 1652 is die *Dagregister* van Jan van Riebeeck die belangrikste bron. Miskien is dit tekenend vir ons opvatting van ons eie verlede dat hierdie dokument aan die begin van ons geskiedskrywing staan. Die publikasie daarvan is naamlik die eerste teken van 'n historiese bewuswording aan die Kaap, die eerste poging om die verlede by die volk tuis te bring. Hierdie publikasie geskied in die jaar 1824 in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift,* juis in die tyd toe die eerste doelgerigte verengelsingspogings onder goewerneur Sir Charles Somerset voelbaar geword het. Die publikasie loop oor etlike jaargange van die tydskrif en dek die jare 1652-1659. Later volg ander uitgawes van die *Dagregister,* o.a. dié van die Historisch Genootschap te Utrecht in die jare tagtig van die vorige eeu en ten slotte die finale, wetenskaplike verwerkte, uitgawe van Bosman en Thom in die jare vyftig van hierdie eeu [9].

Waar die vestiging in 1652 dan hoofsaaklik aan die hand van die *Dagregister* beskryf word, daar kom ons op een van daardie

6. Aangehaal deur R. Raven-Hart, Before Van Riebeeck, Kaapstad 1967, p. 14, uit Hakluyt (IV, 232).

7. Vertaling van sy verslag by Raven-Hart, p. 16 uit Linschoten-Vereniging, deel 7.

8. Raven-Hart, p. 106.

9. D. B. Bosman en H. B. Thom (bew.), *Daghregister gehouden bij den oppercoopman Jan Antonisz van Riebeeck,* Kaapstad 1952-1957.

punte in die geskiedenis tereg waar die gewone alledaagse doen en late historiese betekenis kry. Al die teoretisering doen niks af aan die feit dat die vestiging van 1652 in die eerste plek vir die Afrikanervolk van belang is. So gesien kry die nietige, alledaagse doenighede van Jan van Riebeeck en sy mense vir ons historiese betekenis – juis omdat ons onder die besef is van wat later daaruit voortgekom het. So kry die eerste blik op Tafelberg vanuit die see soos beskryf in die *Dagverhaal* byna simboliese betekenis : „omtrent 5 glasen in de namiddagwacht sagen wij, gode loff, 't land van de Cabo de Boä Esperance namentlijck den Tafelberg O. ende O. ten Z. omtrent 15 à 16 mijlen van ons". So ook die eerste graafspit in die droë, harde grond vir die bou van 'n fort, waarmee, soos Jan van Riebeeck dit later uitdruk, „een lang en verdrietig werk" 'n aanvang neem ; ook die tuin wat na veel mislukkings sy vrugte begin lewer, die eerste blomkool wat gepluk word so „schoon en delicaat" soos die in die vaderland of die eerste „Hollandse roos" wat die kommandeur sy vrou aanbied. So is ons geneig om stil te staan by die uitlating van Van Riebeeck dat „met ter tijt hier een gesegende plaetse van de Caep zou groeijen", terwyl hy self heeltemal nie iets diepsinnigs daarmee bedoel het nie. Ook is ons geneig om in sy probleme met die inheemse bevolking en sy invoering van slawe, daarin reeds ons kleurprobleem in kiem aanwesig te sien.

Vanuit 'n historiografies-teoretiese oogpunt gesien, kan dan nou die vraag gestel word of dit wel verantwoord is om klein en alledaagse gebeurtenisse historiese betekenis te gee, nie omdat hulle op sigself belangrnk is nie, maar omdat dit van belang is as klein begin van wat later ontwikkel het. Daarteenoor kan egter ook die teenvraag gestel word of die geskiedenis as sodanig nie alleen van belang is vir sover die huidige daaruit voortgekom het nie. Met ander woorde : is sy affiniteit met die hede nie 'n wesenskenmerk van die geskiedenis nie ? Hierdie eintlik bekende teoretiese vraagstuk word hier egter nie verder bespreek nie – ek stel dit slegs as behorende tot ons geskiedenis van die stigtingsjaar 1652.

Die verleiding is groot om die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikanervolk in terme van Toynbee se teorie van *Challenge and response* te ontleed, waarby agtereenvolgens sy stimulus of new *ground, stimulus of hard countries, stimulus of blows, stumulus of pressures* en *stimulus of penalizations* die aandag kan geniet [10]. Dit word hier egter nie gedoen nie.

Ten slotte wil ek die aandag bepaal by nog 'n teoretiese vraag wat rondom die figuur van Jan van Riebeeck kan opgewerp word.

10. A. J. Toynbee, *A Study of History* deel I, Londen, 1935.

Uit die *Dagregister* en uit sy korrespondensie blyk dit dat Jan van Riebeeck hom nooit eintlik met Suid-Afrika of met die Kaap vereenselvig het nie. Hy het wel 'n goeie grondslag gelê, sy opdragte getrou uitgevoer, die gesag streng gehandhaaf, met veel takt teenoor die inboorlinge opgetree en onder die mees teleurstellende omstandighede 'n merkwaardige optimisme daarop nagehou, maar hy het steeds uitgesien na die dag waarop hy die Kaap weer kon verlaat. Reeds in Mei 1652, 'n maand na die landing, skryf hy aan die Here XVII dat die fort teen die einde van die jaar voltooi sal wees en dat hy dan graag in aanmerking sal wou kom vir bevordering in die koloniale diens. In plaas van *een* jaar sou hy egter *tien* jaar daar bly, maar dit was tien jaar van hunkering na 'n verdere loopbaan in diens van die Verenigde Oosindiese Kompanjie wat hy gehoop het met die goewerneur-generaalskap sou eindig. So gesien was hy eintlik nooit „een van ons" nie. Eintlik was hy „een stichter tegen wil en dank" soos sy biograaf Godée Molsbergen hom noem.

Verder blyk dit ook dat Jan van Riebeeck weinig bewus was van die historiese daad wat hy met die vestiging verrig het. Hy was die nugtere, praktiese en miskien ook materialistiese mens by wie eie vooruitgang die swaarste geweg het. Die vraag ontstaan dus of iemand wat nie bewus daarvan was dat hy iets groots verrig het nie, of so 'n persoon kan deurgaan as 'n groot *historiese* figuur. Miskien tog as dit gesien word soos Godée Molsbergen die figuur van Van Riebeeck sien :

> „Zuid-Afrika is niet groot geworden door Jan van Riebeeck, maar hij werd groot door Zuid-Afrika, zijn stichting" [11].

11. E. C. Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck 1618-1677*, Amsterdam 1912.